31 Maart 2024

# Kruisgenoot
## N.G Rustenburg-Suid

**Landlyn:** 014 592 2419 **Selfoon: 071 436 0102** **E-pos:** ngrbsuid@gmail.com
**Kantoorure:** 08:00 – 13:00 **FB:** ngkerkrustenburgsuid **Webblad:** www.ngrustenburgsuid.co.za
**Bankbesonderhede:** ABSA, Tjekrekening: 1220580128, Takkode: 632005 (Vir deposito's: EFT/kontant)
(**Kruisgenoot:** *Registreer op die kerk se webblad om die Kruisgenoot per e-pos te ontvang.)*

**Opstandings Sondag, 31 Maart 2024:**
*09:00 Erediens:* **Ds. J. Bezuidenhout**
Alle projekspanne

***Tee: D-wyk** - Dankie*
Kom drink saam in die saal!!

**Woensdag, 3 April 2024:**
09:00 Bybelstudie ... Kom deel die woord saam met ons! Almal welkom!

**Sondag, 7 April 2024:**
*09:00 Erediens:* **Ds. B. Boshoff**
**Kategese**
Alle projekspanne

***Tee: E-wyk** - Dankie*
Kom drink saam in die saal!!

**Woensdag, 10 April 2024:**
09:00 Bybelstudie ... Kom deel die woord saam met ons! Almal welkom!

## KOM ONS BID VIR:

| SIEK / HOSPITAAL | |
|---|---|
| Bessie en Hansie Ströh | Freddie Alberts |
| Jacolien Teessen | Marie Nel |
| Jac en Gerda v.d. Bergh | Pieter Sevenhuyzen |
| Lienke Venter | David J van Vuuren |
| Annatjie Smuts | Pieter de Wet |
| Wimpie Espach | Johan Mans |
| Santie de Wet | Ds. J. du Plessis |






**NUWE INTREKKERS**

Ons wil baie welkom sê aan David & Tillie Cloete in ons gemeente.

# VERJAARSDAE:




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2 April | Bianca Coetzee | | | 4 April | Tharina Steyn |
| 3 April | Kobus Botha | | | 5 April | Mariska Botha |
| 4 April | Rensia Deysel | | | | |

## BLOMBEURTE:

Wil jy 'n blom of plant voor in kerk plaas een Sondag?
Stuur asseblief jou naam en datum *(indien jy spesifieke datum het)*
deur na kerkkantoor!





## Dankbaarheidshouer:

'n Paar jaar gelede het ons met die houer as 'n "Verjaarsdaghouer" begin, toe verander dit na **"Dankbaarheidshouer"**. Dit gee **groter betekenis aan die houer!**

Dink net aan: **hoe geseënd is ons**, die reën, gesondheid, nuwe baba, verjaarsdag so kan ons baie opnoem. Jy kan bv. 'n R1-00 vir *elke jaar* wat jy gespaar is ingooi of vir *elke kleinkind*.

**Ons almal het iets waarvoor ons dankbaar is.** *Die inhoud van die houer word aangewend tot uitbreiding van God se koninkryk.*

# Besoeke:

Ons nooi ons gemeente uit om gerus die kerkkantoor
te skakel vir die volgende:
Indien 'n tuisbesoek of hospitaalbesoek van 'n leraar verlang...



# Uitreik:

Soms het lidmate vervoer probleme om by kerkbyeenkomste uit te kom.
Indien jy wil help, gee jou naam deur aan kantoor.
Indien jy vervoer probleme het, gee ook asb. jou naam deur!!!



Onthou in ons voorportaal is boeke wat GRATIS geneem kan word!!!

HOU MEKAAR VAS

FOKUS '23

**Die Noordelike Sinode se fokus vir die jaar word verbeeld in hierdie logo:**

## DEERNIS – BEGRIP – WAARDERING

Hierdie drie kernwoorde, **Deernis, Begrip En Waardering**,
verwoord op 'n besondere manier die
Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar.

# DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

## Die Tweede Deel: *Die verlossing van die mens*


**Sondag 13**

**Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?**

**Antwoord**: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).
(a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16; 1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.

**Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons Here?**

**Antwoord**: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).
(a) 1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.



## Uitnodiging van Saamspan: Almal 55 jaar en ouer:

Kom kuier saam!!! **Dinsdag 9 April om 09:00**.
*Daarna elke 2de en 4de Dinsdag van die maand.*

Bring al jou vriende saam!!
***Waar:*** Gereformeerde Kerk Wes Gemeente, Klopperstraat 260

## AFSKEID

Dankie aan almal wat Dinsdag, **Marie Williams** se afskeid van ons kerkkantoor (18 jaar) bygewoon het.



Sy wil graag hê dat almal weet dat sy dit opreg waardeer het en is baie dankbaar vir almal se mooi seënwense...